



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa

☎ 051 410 0950 📄 086 664 9815

9 Desember 2009

Geagte Braunviehteler,

1. INLEIDING

Nog 'n jaar het verby gesnel terwyl saaiboere spook om gesaaides orals in die grond te kry maak die reën reeds ons land plek, plek al hoe mooier soos die groen kleed ons mooi landskap begin bedek. Die Braunvieh kalf en dit is lekker om net te staan en kyk na ons mooi beesras met hul rustige temperament en vredige uitdrukking.

Kobus Bezuidenhout vertel dat hy en sy dogter Marelize na 'n harde week se werk om al die mieliepitte in die grond te kry, lekker gaan ontspan het, toe hulle na hul beessuiping is om te gaan kyk na die beeste en daar rustig 'n beker tee drink en kuier terwyl hulle bene swaai waar hulle op die bak van die bakkie sit en die beeste waardeer en geniet het. Mooi bly darem maar mooi en gou was die moegheid weg en was hulle weer lus om die lewe met albei hande beet te pak.

2. BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Dankie aan elke Braunviehteler, elke lid vir wat u vanjaar gedoen het vir die Braunvieh en die genootskap.

U teenwoordigheid by byeenkomste en u positiewe ondersteuning vorm die sement wat hierdie genootskap bind en u geesdrif, ywer en nougesetheid om die Braunvieh uit te bou as die presterende beesras wat impak maak, vorm die boustene om hierdie beesras suksesvol te laat groei.

Kom ons maak seker dat elke geboorte gerapporteer word maar dat elke kalf by geboorte, speen en op jaar ouderdom geweeg word sodat die statistieke en TKP's van ons ras se korrekheidsvlak kan verhoog.

Elke koper wil net die beste hê. Daarom is dit belangrik dat die Braunvieh die beste moet wees en die beste moet presteer, want die beste gee ook die meeste in die sak vir 'n beter bestaan.

Mag u almal 'n baie geseënde Kerstyd beleef en mag u in 2010 'n voorspoedige en gelukkige jaar beleef as gesin en in die boerdery.

3. OORSIG OOR 2009

Dankie aan elke lid van Braunvieh SA vir wat u vanjaar vir u medeledes en die Braunvieh gedoen het. Dit was 'n baie goeie jaar vir die Braunvieh en die Braunvieh genootskap. Ons het 'n baie suksesvolle Nasionale skoukampioenskappe gedurende April op Vryburg aangebied en dit was lekker om die Braunvieh telers van Namibië hier te kon ontvang. Daar is lekker saam gekuier en Braunvieh het van die hoogste pryse op die skouveiling behaal. Neem asseblief kennis dat daar alreeds navraag gedoen is van bulkopers wat wil weet of daar volgende jaar weer Braunvieh op die skouveiling verkoop sal word. Goeie rapporte is ontvang van vorige jare se bulkopers wat baie gelukkig is met die resultate wat die Braunviehbulle in hulle kuddes behaal het.

Baie dankie Oom Piet en Pieter De Villiers dat julle weer vanjaar 'n produksieveiling op die plaas aangebied het. Dr. Ben Spies het ook vir nuwe telers die geleentheid gegee om Braunvieh teeldiere te bekom. Dueler stoet van Patrick and Martie Fitzgerald het ook gedurende November baie goeie teeldiere op hul veiling aangebied en pryse van tot R22 800-00 is vir 'n koei van Patrick behaal. Hierdie veilings het vanjaar die geleentheid gebied vir verskeie nuwe telers om by die Braunvieh genootskap aan te sluit.

Ons het dan ook vanjaar afskeid geneem van Tannie Minnie Janse van Rensburg wat nou finaal afgetree het, wat deur die jare uitstekende werk vir ons lede en die Braunvieh genootskap gedoen het. Baie dankie Tannie en ons wens jou 'n baie geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige en gesonde lewe toe daar in Pretoria.

Liezel van Heerden het tannie Minnie opgevolg en van die sekretariaat by Stamboek die belange van die Braunvieh behartig. Sy het einde Oktober 2009 diens verlaat om te gaan trou en woon tans in Middelburg saam met haar man. Elna Lotter het ons kantoor tydelik beman tot einde November met die aanstelling van Marisa Nel wat 1 Desember 2009 diens by die sekretariaat en by die Braunvieh aanvaar het. Baie dankie aan hulle vir hul diens en bereidwilligheid om altyd ons lede te dien. Chris Els is die bestuurder van die sekretariaat en hy sien toe dat sodanige oorgange glad verloop. Baie dankie Chris vir die diens wat die sekretariaat die afgelope jaar aan die Braunvieh gelewer het.

Daar is vanjaar 4 nuusbriewe aan die lede uitgestuur en verskeie advertensies is opgeneem in Landboutydskrifte om die Braunvieh te promoveer. Daar word ook nou weekliks 'n klein advertensie in die Landbouweekblad asook maandeliks in die Farmer's Weekly geplaas deur die raad om die Braunvieh en sy besondere eienskappe te promoveer.

Baie dankie aan Bennie Coetzer en sy span wat die stalletjie vanjaar by Nampo beman het en baie dankie aan Charles Crowther van Hermanus en Ben Mills van Barrydale wat die Braunviehstalletjie by die Agri Megaweek beman het. Baie dankie aan al die Braunviehtelers wat boeredae aangebied het. Ek dink aan die beoordelaarskonferensie by Christopher Havenga aan die begin van die jaar, die lekker byeenkoms daar by Rhodes op Gawie Naude se plaas en die beoordelaars- en keuringskursus wat by Kobus Bezuidenhout op die plaas aangebied is. Baie telers het vanjaar ook op verskeie skoue gaan Braunvieh vertoon en die Braunvieh het beslis vanjaar weer die oog gevang as 'n besondere beesras.

4. PRESTASIES VAN ONS LEDE EN HUL KINDERS

- Baie geluk aan Advokaat Benjamin Ratsikane van Rooigrond. Hy was vanjaar genomineer vir die toekenning van Nasionale Ontwikkelende beesboer van die jaar 2009. Advokaat Ratsikane het die Braunvieh se naam hoog gehou en het hy die tweede plek behaal in die Nasionale beesboer kompetisie wat deur Breedplan aangebied is. Ons is trots op u en wens u sukses toe met u besondere prestasie.
- Hans en Marina Bester se dogter, Molly Bester (15 jaar) het aan verskeie jeugskoue deel geneem. Die Vrystaat kampioenskappe is op 17 April 2009 te Kroonstad gehou en Molly het met 'n vers van die Witbek stoet tweede gekom in die senior afdeling vir vleis beeste. Sy is toe vir die Vrystaat span gekies (0/15_0/19).

Tydens die Vryburg skou 2009 neem die Vrystaat span deel en Molly behaal 'n tweede plek in die 0/15 klas.

Tydens die Pretoria skou in September 2009 neem sy deel met 'n bul uit die stoet en wen die 0/16 klas, waarna sy ook die gesamentlike senior klas wen en as die algehele wenner van die byeenkoms aangewys word.

Die nasionale jeugskou kampioenskappe is op 24-26 September deur Gauteng op Magaliesburg by Bekker Landbouskool aangebied . Molly verteenwoordig dan daar die Vrystaat span in die senior afdeling en neem teen 18 ander deelnemers deel . Sy word aangewys as die nasionale skouman vir 2009. Haar totale persentasie vir haar kennis van die voorbereiding en vertoonkuns was 94%, wat haar 'n silwer medalje besorg het. Sy mis goud slegs met 3%. Die Vrystaat span kom algeheel tweede

Baie geluk Molly, ons is baie trots op jou en dankie dat jy die Braunvieh ras se naam so hoog gehou

het om daardie mooi Braunvieh te vertoon het.

- Pieter en Erika de Villiers se dogter Anica het ook aan die SA Nasionale Jeugskou Kampioenskappe deelgeneem. Sy wen die goue medalje in die Junior afdeling, kom eerste in die groep klasse, waar sy Noordwes verteenwoordig het. Hulle word dan ook aangewys as die algehele wenners. Baie geluk, Anica, ons is trots op jou. Hou so aan.

5. BESLUIE VAN DIE RAAD GEDURENDE DIE NOVEMBER 2009 VERGADERING

5.1 Nasionale Kampioenskappe

Daar word besluit om 3-jaarliks 'n Nasionale Kampioenskap te Vryburg aan te bied maar dat die jaar voor die Vryburg Nasionale kampioenskappe in 2012 daar in 2011, 'n Nasionale Kampioenskappe ook in Pretoria aangebied word. Die skoue gaan bekend staan as die Vryburg Nasionale kampioenskappe en die Pretoria Nasionale Kampioenskappe.

5.2 Beoordelaarskonferensie

Die raad besluit om op Vrydag 29 Januarie 2010 die eerste raadsvergadering by Hans Bester op die plaas te hou om 14:00 en dat al die beoordelaars die Vrydagaand daar bymekaar kom vir die beoordelaarskonferensie wat die volgende dag daar aangebied sal word.

5.3 Beoordelaarskursus

Daar sal op 17 Maart 2010 'n beoordelaarskursus aangebied word by Christopher Havenga op die plaas.

5.4 Inligtingsdae

Daar word op Vrydae 9 April en 17 September 2010 inligtingsdae aangebied vir hoofsaaklik Ontwikkelende boere op die plaas van Cois Harman in die Marico Bosveld.

5.5 Kuddekeuringseminaar

Op Saterdag 10 April 2010 word 'n kuddekeuringseminaar by Cois Harman vir alle lede en belangstellendes aangebied.

5.6 Kuddekeurings

Die raad besluit dat Braunviehtelers en hulle kuddes deur die keurders van die raad op versoek besoek word sodat keurings jaarliks by alle lede gedoen kan word. Lede word versoek om met die kantoor te skakel om sodanige keuringssessies te kan reël.

5.7 Nampo

Die raad het besluit om die stalletjie by Nampo op te knap.

6. UITNODIGING BRAUNVIEH NAMIBIË

Die president en raad van die Braunviehtelersgenootskap van Namibië nooi u almal uit om volgende jaar gedurende Oktober 2010 hul Nasionale skoukampioenskappe te kom bywoon.

Die Raad van Braunvieh SA wil dan hiermee graag al die lede die geleentheid bied om saam te span om met een trok diere te neem om aan die kampioenskappe te gaan deelneem. Lede wat belangstel om aan die kampioenskappe te gaan deelneem moet met Christopher Havenga skakel sodat alle reëlings betyds getref kan word.

Verskeie lede van Braunvieh Namibië het dan ook vanjaar hulle diere by ons Nasionale

kampioenskappe kom vertoon en verskeie lede het lekker op Vryburg saam kom kuier.

7. GROETE

Met al ons bedrywighede aan die afneem moet ons ook terugkyk na wat ons alles vermag het in die jaar wat verby is. Het ons daarin geslaag om ons doelwitte te bereik of het ons nie voluit gegaan met ons beplanning en projekte nie. Ek glo egter dat elkeen net vreugde geput het uit die jaar se bedrywighede. Mag dit wat julle geleer en ervaar het nog lank van waarde wees. Ons neem toe in kennis deur wat ons inneem, maar ons neem toe in ons vermoë om lief te hê en te gee deur wat ons uitdeel. Wat jy met jou verstand inneem en met jou hart uitgee is altyd baie belangrik. Hier aan die einde van die jaar met die Kerstyd om die draai dink ons almal aan vrede – vrede vir 'n deurmekaar wêreld. Maar die ware moontlikheid van vrede rus altyd by my en jou. Wanneer ons, ons vrede met ander deel, kan hulle dit weer aan mense rondom hulle uitdeel. Vrede vir die wêreld moet by jou begin. My gebed vir jou is dat God se vrede in jou hart sal heers elke dag van die komende jaar.

Braunvieh groete
Kobus Bezuidenhout